SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter 33/2018

20/08/2018

GRATIS SAOU GESKENK
Maak jou keuse voor 24 Augustus 2018

Die SAOU versoek hiermee lede om 'n keuse te maak mbt die gratis SAOU geskenk vir 2019.

1. Wie moet die keuse uitoefen?
   Elke individuele SAOU-lid moet die keuse **slegs** op die elektroniese keusevorm aandui.
2. Waaruit bestaan die keuse?
   a. SAOU A5 notaboek (190 bladsye - gelinieër)
   b. SAOU lessenaarkalender (A2 – elke maand het afsonderlike bladsy)
   c. SAOU dagboek (A5 met bladsy vir elke dag)
   d. SAOU pennesakkie (330 x 110 mm)

   Nota: Kliek hier om
   i. Voorbeelde te besigtig en/of
   ii. Keuse uit te oefen
3. Wat gebeur as 'n lid nie 'n keuse uitoefen nie?
   Indien 'n lid nie 'n keuse uitoefen nie, sal die terugvalkeuse die SAOU pennesak wees.
4. Teen watter datum moet die keuse uitgeoefen word?
   Vrydag 24 Augustus 2018 om **12:00**
5. Waarheen kan navrae gerig word?
   U provinsiale SAOU-kantoor.
   Sien www.saou.co.za vir kontakbesonderhede.

NEEM KENNIS:
Wanneer die bestelling gemaak word sal u gevra word om te verifieer dat u nie 'n robot is nie. Dit is 'n standaardvereiste. U sal per kerende e-pos 'n e-pos met u keuse vanaf Google ontvang. Indien nie, kyk in SPAM.

FREE SAOU GIFT
Exercise your choice before 24 August 2018

The SAOU herewith requests members to exercise a choice in regard to the free SAOU gift for 2019.

1. Who must exercise the choice?
   Every individual SAOU member must exercise a choice on the electronic form **only**.
2. What are the options?
   a. SAOU A5 note book (190 pages - ruled)
   b. SAOU desk calendar (A2 size – separate page for each month)
   c. SAOU diary (A5 size separate page for each day)
   d. SAOU pencil bag (330 x 110 mm)

   Note: Click here to
   i. See examples, and/or
   iii. Exercise option
3. What will happen if a choice is not exercised?
   If a choice is not exercised, the SAOU pencil bag will be the automatic default choice.
4. By which date must the choice be exercised?
   Friday 24 August 2018 at **12:00**
5. Where can enquiries be made?
   Your provincial SAOU office.
   See www.saou.co.za for contact details.

PLEASE NOTE:
When filling in your order form you will be asked to verify that you are not a robot. This is a standard requirement. You will receive a receipt email from Google with the choices you have made. If you do not receive it, please check for email in SPAM.

BEHUISINGSTOELAAG
Implementeringsdatum

Die ooreenkoms van die Staatsdiens Koördinerings Bedingingsraad (SKBR/"PSCBC"), Resolusie 1 van 2018, bepaal soos volg:

1. Diskriminasie op grond van huwelikstatus word afgeskaf, dws beide eggenotes kwalifiseer voortaan vir die behuisingstoelaag.
2. Die implementering geskied soos volg:
   a. Salarisvlakke 1 – 5 (minder as R192,666 pj) kwalifiseer miv 1 September 2018; en
   b. Salarisvlakke 6 – 12 (+ R192,666 pj) kwalifiseer miv 1 September 2019

HOUSING ALLOWANCE
Date of implementation

PSCBC Resolution 1 of 2018 determines as follows:

1. Discrimination on marital status has been abolished, i.e. that both spouses will henceforth qualify for the housing allowance.
2. The implementation will be as follows:
   a. Salary levels 1 – 5 (less than R192,666 pa) qualify wef 1 September 2018; and
   b. Salary levels 6 – 12 (+ R192,666 pa) qualify wef 1 September 2019.
   c. Note: Thus, all educators only qualify wef 1 September 2019.

c. Nota: Alle opvoeders kwalifiseer dus eers miv 1 September 2019.

3. Die behuisingstoelaag beloop tans R1,336.22 pm en word jaarliks aangepas met die VPI van die voorafgaande 12 maande.
4. Vakbonde en die Staat as werkgewer is tans besig om die detail van die implementering wat sal geld vir salarisvlakke 6 – 12 binne die SKBR te onderhandel. Sodra meerdere inligting beskikbaar is sal lede onverwyld ingelig word.

3. The current housing allowance amounts to R1,336.22 pm and will be adjusted annually in terms of the CPI of the preceding 12 months.
4. Trade Unions and the State as employer are currently negotiating the details of the implementation measures that will apply to salary levels 6 – 12. As soon as more information is available, members will be informed.

GRONDDEBAT
SAOU Standpunt

Dit is nou reeds algemene kennis dat die gronddebat, en meer spesifiek die beginsel van onteiening sonder vergoeding, uiters omstrede en emosioneel is.

Die SAOU is 'n gerekende rolspeler op verskeie vlakke en het hierdie aangeleentheid al geruime tyd gelede oorweeg en tydig insette by die gepaste owerhede ingedien. Die SAOU standpunt kan kortliks soos volg opgesom word:

1. Die SAOU ondersteun die beginsel van restitusie en die regstelling van onregte van die verlede ingevolge die toepaslike bepalings van die huidige formulering van die Grondwet van die RSA.
2. Die SAOU rekordeer sy uiterste teleurstelling met die gebrek aan vordering sedert 1994. Hierdie gebrekkige vordering kan nie voor die deur van Art 25 van die Grondwet gelê word nie, maar is eerder die gevolg van swak administrasie en 'n onbeholpe burokrasie wat nie hulle verpligtinge nagekom het nie.
3. Die SAOU is oortuig dat die huidige werkswyse en benadering van die Regering van die dag uiters negatief beleef word deur buitelandse beleggers en buitelandse investering ontmoedig. Versekerde eiendomsreg is 'n absolute voorvereiste vir standhoudende investering, ekonomiese groei en voedselsekerheid.
4. Dit is absoluut noodsaaklik dat 'n behoorlike oudit van grond gedoen word aangesien dit duidelik is dat daar hoegenaamd nie 'n ooreengekome opgawe bestaan nie. Die grondeienaars wat geïdentifiseer moet word, moet die Staat, die voormalige TBCV-lande, tradisionele leiers, munisipaliteite, SBEe insluit.
5. Die voorgestelde wysiging van Art 25 van die Grondwet word nie ondersteun nie. Die SAOU is oortuig Art 25 is 'n integrale deel van die grondliggende waardes van die Grondwet en dat 'n 75% meerderheid in die Parlement benodig word, en nie die gewone 66% nie.

LAND DEBATE
SAOU point of view

It is common cause that the land debate, and more specifically that the principle of expropriation without compensation, is extremely contentious and emotional.

The SAOU is a renowned role player on various levels and has considered its position in this regard a while ago. We also made timely formal submissions to the appropriate authorities. The SAOU approach can be summarised as follows:

1. The SAOU supports the principle of restitution and the undoing of the wrongs of the past within the framework of the current Constitution of the RSA.
2. We record our serious disappointment with the lack of progress since 1994. Section 25 of the Constitution cannot be blamed, but is the result of inadequate administration processes and an inept bureaucracy who have not complied with their responsibilities.
3. The proposed new approach has the potential to be regarded in an extremely negative light by foreign investors. Secure property rights is an absolute prerequisite for foreign investment and economic growth, including food security.
4. The SAOU is convinced that an agreed to audit of land is imperative. The property owners that should be identified must include the State, the formal TBVC areas, traditional leaders, municipalities and SOEs.
5. The proposed amendment of Section 25 of the Constitution is not supported as we are convinced that such an amendment will impact on the founding values of the Constitution and that a 75% majority of Parliament is required to effect an amendment and not a simple 66%.

BEURSPROGRAM: DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Inligting en aansoekvorms vir die beursprogram is op die SA Akademie se webwerf beskikbaar (www.akademie.co.za). Die sluitingsdatum is 31 Augustus 2018.
Navrae kan ook gerig word aan Melanie Rens by beurse@akademie.co.za